



248 Woonwaens by Klipdraai vir 30ste Presidente-saamtrek

Johann Lemmer

Die Presidente-saamtrek gaan oor die samehorigheid tussen lede oor streekgrense heen. By die stalletjies en groepaktiwiteite soos die boersport heers 'n besondere spangees. Dit behoort lede aan te moedig om die Presidente by te woon en ook aan die aktiwiteite deel te neem sodat elkeen deel kan voel van die groot Sawa-familie.

Dit is hoe baie mense die groot jaarlikse nasionale saamtrek, die Presidente, ervaar. Die saamtrek is vanjaar vir die 30ste agtereenvolgende keer gehou nadat die eerste Presidente-saamtrek oor die Paasnaweek in 1984 by Joos Beckerpark in Pretoria plaasgevind het. Daar is die vorige jaar 'n soortgelyke nasio-

nale saamtrek gehou waar 84 woonwaens was maar dit het toe nog nie amptelik as die Presidente bekend gestaan nie.

In sy openingsrede het Nico Spaumer, Sawa se president, gesê dat daar uitdagings vir veral streekbesture is om die kamp-program so te beplan dat dit bekostigbaar vir die lede is.

Jurie Dreyer, nasionale voorsitter, het by die afsluiting beklemtoon dat die sukses van die naweek te danke is aan die spanwerk en samehorigheid wat nog beter kan wees as meer streke stalletjies het. Hy het streke bedank vir die bydrae wat hulle tot die nasionale kas gemaak het.

Die kermis en ander bydraes het die mooi wins van ongeveer

Nico Spaumer



R58 000 opgelewer. Kiepersol het 'n donasie gemaak wat meer was as wat sommige stalletjies opgelewer het. Die senior burgers se Allerleitafel wat deur Johanna van Biljon gekoördineer is, het die mooi bedrag van R4000 opgelewer terwyl die pannekoekstalletjie koning gekraai het met R5345.

Bronberg se boersport is baie geniet en het massa-deelname gebied. Ons sien uit na volgende jaar.

Ds Johan Peyper van die Bybelgenootskap het die boekevat en erediensde waargeneem. Dit het 'n besondere bydrae gelewer om die belangrikheid van die Paasgebeure te onderstreep. Sy tema was 'Sodat ons 'n lewe van volheid kan hê.'

Lees binne . . .

Oordenking	2
Sawa in breër verband	2
Redakteur in die breë	3
Kampnuus	4
Saamtrekdatums	4
Voorsitter sê	5
Foto's: Hartbeespoort	6
Schalk gesels	7
Fotoblad: Presidente	8
Senior Burgers	9
Jongklomp (tienaers)	9
Sawa-kalantjies	10
Verjaarsdae	11
Lief en leed	11
Loftus Caravan City	12

Kiepersollers geniet Presidente



Annatjie en Bertus Voges, Bets en Martiens Joubert, Dianne en Mike du Preez, Frieda Burger, Willie en Elma Bronkhorst, Johann en Alet Lemmer, Pieter en Johanna van Biljon

- Foto: Johann Lemmer



OORDENKING

Hemelvaart: Totsiens en nie Vaarwel nie

Hy het Sy hande opgehef en hulle geseën. En terwyl Hy hulle seën, het Hy van hulle geskei en is in die hemel opgeneem. (Luk 24: 50-51)

Wanneer familie en vriende groet gaan dit gewoonlik gepaard met emosie, maar die wete dat daar 'n weersiens gaan wees, maak dit minder intens.

Jesus se werk op aarde was voltooi en die tyd het aangebreek dat Hy sy dissipels, wat intussen Sy vriende geword het, groet. Hy het voor Sy kruisiging reeds vir hulle gebid, maar vind dit nodig om in hierdie laaste oomblikke op aarde, Sy seën oor hulle uit te spreek. Terwyl Hy nog hiermee besig was, vertrek Hy voor hulle oë in 'n wolk.

Soos ek en jy ook maar maak, het hulle hom stip agterna gekyk en dalk ook gewonder wanneer hulle Hom weer sal sien, al het Hy hulle vroeër tydens sy gesprekke verseker van sy wederkoms.

Twee manne in wit klere – engele – praat met hulle en bevestig dat Jesus op dieselfde manier sal terugkom as wat hy nou van hulle weggeenem is. Die Joodse gebruik was dat die teenwoordigheid van twee getuies by 'n gebeurtenis nodig was om die waarheid van 'n saak te bevestig (vgl Deut 17:6). Die engele se teenwoordigheid het hulle hoop dat hulle Jesus weer sal sien, net bevestig. Hierdie groet was net 'n totsiens, nie 'n vaarwel nie.

Ek en jy herdenk vandag die hemelvaart van Jesus. Vir sommige is dit maar net nog 'n gebeurtenis op die Christenkalender, maar vir baie ander is dit die bevestiging van Jesus se woorde: "Kyk, ek kom gou!" (Openbaring 3:11). Hou hierdie verwagting lewend in jou hart, want dit gaan vir seker plaasvind!

Gebed: Dankie Here dat in U beplanning daar 'n dag gaan aanbreek waar ons, wat ook nou Jesus se dissipels en vriende is, hom op die wolke gaan sien terugkom en saam met Hom sal gaan. Amen.

Carina Francke (Vers 'n Dag)

Breër verband

Sawa streef daarna om

- vir Afrikaans georiënteerde kampeerdere die geleentheid te bied om binne 'n Christelike konteks, 'n tuiste te bied waar hulle hul beginsels en kultuur kan uitleef.

- vir kampeerdere die geleentheid te bied om saam met geesgenote so bekostigbaar as moontlik te kampeer.

- die belange van SAWA-lede te bevorder deur onderhandeling en samewerking met ander instansies.

- die balans tussen die belange van die mens en die natuur te handhaaf.

Tandartse by Elwierda Apteek

Dr René Pretorius

Dr Tania Erikson

Telefoon: 012 653 6154



Streekbestuur 2012-2013

Voorsitter: André Baker (083 409 3709) bakera@netactive.co.za

Ondervoorsitter: Ronelle King (084 444 8282) ronelle@hscenturion.co.za

Sekretaris: Ina van den Berg (081 270 8267) jannie.ina@gmail.com

Penningmeester: Rigard Lemmer (082 786 9928) rigard.lemmer@treasury.gov.za

Senior burgers: Frank Smith (012 654 3135) frank.hettie@vodamail.co.za

Addisionele lede: Christa Bothma, Schalk Nolte, Lucille Vorster

Redakteur: Johann Lemmer (012 653 2745) lemmerj@mweb.co.za

Bankbesonderhede: Sawa Kiepersol, ABSA Centurion 600 810 499

Die redakteur sê:

By Presidente of nie, saak het twee kante

Die Presidente-saamtrek oor die Paasaweek is tradisie. Dit kan sonder twyfel as 'n feit gestel word want wanneer 'n organisasie so iets vir 30 jaar elke jaar aanbied is dit onlosmaaklik deel van so 'n liggaam. Daarom sal daar ook nie maklik aan getorring word nie. Die afgelope saamtrek by Klipdraai het weer eens aan die verwagtinge voldoen.



Johann Lemmer

Streke was nie ewe goed verteenwoordig nie. Dit laat 'n mens onwillekeurig wonder of dié byeenkoms op die Sawa-kalender nie belangrik genoeg is om in groot getalle by te woon nie. Daar was ook minder Kiepersoldele en dan word daar altyd vrae gevra oor waar die ander dan is. Oor die redes kan natuurlik bespiegel word maar om die werklikheid vas te stel het die streekbestuur onder leiding van Hennie Ferreira 'n tyd gelede 'n stel vrae aan lede gestel oor bywoning van die Presidente. Uittreksels uit die antwoorde word teen die einde van hierdie artikel aangehaal.

Daar is meer as een kant van die saak. Daar kan geredeneer word dat Sawa 'n ontspanningsorganisasie is en dat die bywoning van kampe, insluitende nasionale kampe, heeltemal vrywillig is en lede nie hoef te verduidelik hoekom sekere kampe soms nie bygewoon kan word nie. Aan die ander kant het Kiepersol 'n trotse geskiedenis wat noue bande met die nasionale bestuure het. Verskeie lede van die streek was in die verlede op die dagbestuur. Samewerking op dié vlak het dus hoë prioriteit geniet. Bywoning van die Presidente het ook gepaard gegaan met deelname aan vlugbal en die jaffel en later kerrie-en-rystalletjie was eie aan Kiepersol. Nou is dit nie meer daar nie. Lede vra ook soms vrae oor hoe dit moontlik is dat veral die streekbestuur so swak verteenwoordig was.

Die saak moet egter in perspektief gestel word. Die ondergenoemde redes kan netsowel vir bestuurslede geld. Dit was juis hierdie redes wat verantwoordelik was dat Kiepersol nie meer 'n stalletjie het nie, daar is gewoon te min mense wat kan leiding gee. Tye het ook verander en so die samestelling van die ledekorps.

Die vraag is of ons dit nie moet geniet as ons kan kamp nie en minder bekommerd moet wees oor die redes waarom mense nie daar kan wees nie. Dis positief om te sê hoe lekker dit was maar hoekom sal ek sê dat diegene wat nie daar was nie, nie weet wat hulle gemis het nie. Dit klink of dit leedvermaak kan wees, en dit kan tog nie.

Daar is na die opname verwys. Die redes van aktiewe lede se nie-bywoning blyk baie duidelik uit die volgende redes wat verstrekkend is (uittreksels):

- Ons sal ongelukkig nie die presidente kan bywoon nie, dis ons jaarlikse verlof by die see.
- Ongelukkig is ons in die Drakensberge op vakansie.
- Dit sal die eerste keer in tien jaar wees dat ons nie die Presidente sal bywoon nie.
- Ons sal ongelukkig nie die naweek met julle kan deurbring nie ons is met verlof saam met ons kinders.
- Ons gesin sal nie die Presidente kan bywoon nie, want ons is met vakansie in die Kaap daardie tyd.

-Ons sal ongelukkig nie die saamtrek kan bywoon nie. Die rede is dat dit in my jaarlikse verlof is wat ons maar gebruik om weg te gaan vir 'n langer vakansie.

-Ons kon nog nooit die Presidente bywoon nie. Die rede is omdat ons altyd die tyd van die jaar vakansie hou en by die kinders kuier.

-Die Paasaweek val in ons vaste jaarlikse verloftyd by die see waar deposito's lank voor die tyd betaal is.

-Woon dit oor baie jare by maar familie-omstandighede verhoed dit hierdie jaar.

-Ek sal dit ongelukkig nie kan bywoon nie, aangesien ek my familie, wat deur 'n moeilike tyd is, wil besoek.

-Die Presidente was nog altyd een van ons beste saamtreke (asook die week vooraf). Ons omstandighede het net so verander dat ons nie meer so gereeld kan kamp nie. Sterkte met julle werk vorentoe en geniet die buitelewe, eendag sal ons julle moontlik weer vergesel.

-Ons sal nie kan kom nie aangesien my vrou die naweek moet werk. Daar is blykbaar al te veel mense die naweek af by haar werk en dus kan sy nie af kry nie. Sy verrig 'n noodsaaklike diens.

-Ons kan nie bywoon nie omrede ons 'n jaarlikse familie kamp het.

-Hou van die lekker saamkamp en kermis maar werksomstandighede verhoed dat ons die Presidente hierdie jaar bywoon.

-Werksverpligtinge veroorsaak dat ek nie in die week by die huis is nie en as ek naweke tuis is wil ek nie graag weggaan nie. Sodra omstandighede verander sien julle my meer.

-Hou daarvan om by te woon maar het verpligtinge op 'n ander plek.

-Pas lede geword. Sou wou gaan maar werksomstandighede verhoed dit.

-Ons is redelike nuwe lede maar omdat dit in die skoolvakansie is, is dit moeilik.

-Geniet dit daar maar ons het familie-verpligtinge.

-Gesondheidsredes maak dit soms moeilik om by kampe uit te kom.


-Familie omstandighede maak dit nie moontlik nie.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat omstandighede 'n groot hap uit gereelde kampeerdere gemaak het wat die swakker bywoning by die Presidente kan verklaar.

Nominasies vir Streekbestuur

Nominasies word ingewag vir die streekbestuur wat op 24 Augustus by die AJV (Klein Paradys) verkies moet word. Dit moet op die voorgeskrewe vorm wees (ingesluit en by Kiepersol op www.sawa.org.za). Nominasies moet die sekretaris nie later nie as 18:30 op 16 Julie 2013 bereik.

Lekker Kampnuus



Veelkantige Presidente- naweek het baie gebied

Johann Lemmer

Daar was groot opgewondenheid om vanjaar se Presidente by te woon. Ons vertrek 'n dag vroeër na Klipdraai. Die rit verloop voorspoedig en ons is gou daar want dis al die pad snelweg en die pad is nie te besig nie.

By die nuwe toegangshek word ons ingewag deur streek Vaalrivier se verteenwoordigers wat as kampkommandante optree. Gou is ons op ons staanplek langs die rivier.

Donderdagoggend drink ons saam met die senior burgers tee en Nico Spaumer neem die afsluiting van hulle saamtrek waar. Die woonwaens kom onafgebroke in en die kamp loop vol. Die aand smul ons aan hamburgers wat deur Streek Roodekruin voorsien is.

(Goeie) Vrydagoggend word die erediens deur ds Johan Peyper van die Bybelgenootskap waargeneem. Sy tema vir die naweek is "Sodat ons 'n lewe van volheid kan hê." Sawa-president Nico Spaumer open die verrigtinge en daarna drink ons tee en eet koek wat streek Oosvaal aanbied. Buite is 'n uitstalling van veteraanmotors wat die gedagtes ver terugvoer.

Saterdag is baie bedrywig met vele stalletjies by die kermis waar alles en nog wat gekoop kan word. Kiepersollers help by die Allerleitafel en pannekoekstalletjie. Die Sawa het Talent lewer heelwat kunstenaars-in-woording op.

Die boeresport is vanjaar vir die eerste keer aangebied op inisiatief van Bronberg. Daar kon aan tien items deelgeneem word en die deelnemers is in spanne ingedeel met dié interessante name: *Asempies (2-9 jaar)*, *Weet Alsies (10-18 jaar)*, *Werkersklas (19-59)* en *Grysaards (60+ jaar)*. Die items is: Toutrek, eier en lepelresies, driebeen-resies, naald en gare, kruiwastoot, kettie skiet, appelhap, vlugbal, bande rol en boontjiesak gooi. Spanne het aan al die items deelgeneem en daar was gesonde wedywering wat met groot pret gepaard gegaan het.

Sondagoggend was nog 'n hoogtepunt met 'n volgepakte tent wat deel gehad het aan die opstandingsdiens. Die res van die dag word rustig deurbring. Maandagoggend is die afsluiting.

Die Presidente-naweek is inderdaad veelkantig naamlik rustig en besig. Dit was 'n naweek van spanbou waar ou bekendes raakgeloop is en die Sawa-gees 'n hoogtepunt bereik het.

Saamtrekdatums

Saamtrekke vir 2013

24 Mei: Monsterfietsfees (Buffelspoort)
Nog staanplekke beskikbaar teen R510
Navrae by Ina vd Berg (081 270 8267)

27-30 Mei: Midweek by Buffelspoort
R120 per nag
Bespreek by
pieter.prinsloo@gejima.com

31 Mei: Sitrusfees (Buffelspoort)
R550 vir die naweek, R400 as jy deel
Alle staanplekke is opgeneem

14 Junie: Nasionale Winterkamp
Forever Resorts Bela Bela (Warmbad)
Bespreek by Juliana, Sawa-kantoor
011 918 0699

22 Junie-29 Junie: Wildtuintoer

26 Julie: Manyane-kuierkamp as gaste van Bosveld
Seniors (en ander) reeds vanaf 22 Julie
Tarief R125 per nag (ook vir naweek)
Plus plaatjiegeld
Beperkte staanplekke, skakel Ina

23 Augustus: Klein Paradys (AJV)
Teken nou al hierdie datum aan om
Kiepersol se 30ste verjaardag te vier
en die belangrike Algemene Jaar-
vergadering by te woon

24 Augustus: Senior-toer na Golden Gate

13 September: Nasionale Saamtrek
Koppisol
Bespreek by kantoor (011 918 0699)

25 Oktober: Marula

Die Voorsitter sê

Die Presidente is 'n belangrike saamtrek

André Baker

Sedert die vorige Kampkrummels het die jaarlikse Presidente-saamtrek plaasgevind. Hierdie byeenkoms is een van die belangrikste geleenthede waar Sawanante vanaf die hele noordelike gedeelte van die land bymekaarkom om te kuier en fees te vier. Die paasgebeure word nie afgeskeep nie, trouens daar word besondere aandag aan gegee. Die kermis wat op die Saterdag gehou word is 'n belangrike geleentheid om nie net sosiaal te verkeer nie maar ook om geld vir die nasionale kas in te samel. Die streekbestuur wil dit beklemtoon dat dit baie belangrik geag word dat lede die Presidente bywoon. Terselfdertyd is daar begrip vir mense wat die Paasnaweek vir familiebyeenkomste gebruik, met vakansie elders is of ander omstandighede het wat hulle verhoed om saam te kamp (lees ook die redakteur se kommentaar elders in hierdie blad). So was dit vir my persoonlik nie moontlik om daar te gewees het nie. Werksverpligtinge en 'n knie-operasie het 'n stokkie daarvoor gestee.

Gesprek met Jurie

Tydens die gesprek wat Jurie Dreyer, nasionale voorsitter, met verteenwoordigers van streke in die gebied Jakaranda gehad het, is daar met kommer kennis geneem van die Sawa-ledetal wat steeds daal. Daar is goeie redes voor maar dit spoor ons opnuut aan om alles in ons vermoë te doen om die langtermyn toekoms van ons geliefde organisasie te verseker.

Hartbeespoort

Ons het in April 'n baie suksesvolle kamp by Hartbeespoort gehad. Die aanvanklike beplanning was om



Streekvoorsitter

Hartbeeshoek toe te gaan maar vanweë omstandighede buite ons beheer kon dit nie realiseer nie. Die 19 gesinne (een besoeker) het die lekker weer en ontspanning in die buitelug baie geniet.

Mei is Buffelspoortmaand

Die gasheerstreek Roodekruijn het plek by die oord beskikbaar vir die naweek van 24 Mei, die midweek en dan die naweek van 31 Mei (10 nagte). Die aanvraag vir staanplekke die naweek van die Sitrusfees was baie groot. Kiepersollers wat nie daar kon plek kry nie is welkom om die naweek van 24 Mei te kom saamkamp. Dit kos R510 vir die naweek en elkeen staan op sy eie staanplek. Die koste vir die midweek is R120 per nag. Besprekings moet direk by Roodekruijn gedoen word en navrae in die verband kan aan Ina van den Berg (081 270 8267) gerig word.

Jaarprogram 2014

Ons moet nou reeds 'n voorlopige program vir volgende jaar se kampe opstel. Ek wil 'n vriendelike maar ernstige beroep op elkeen doen om die name van plekke waar julle graag sal wil kamp, spoedig aan die bestuur te stuur. Hier is ons geleentheid om 'n inset te maak sodat ons almal lekker sal kan saamkamp by die plekke waarheen ons graag wil gaan. Laat van jou hoor sodat jy 'n aandeel in die program kan hê.

Wildtuitoer

Die streektoer na die Nasionale Krugerwildtuin kom Vrydagaand 21 Junie by Que Sera (naby Nkwe) bymekaar om die volgende oggend na Bergendal te vertrek waar ons sewe nagte sal vertoef. Die konvooi sal uit 14 woonwaens bestaan. Ons bedank graag vir Christo van der Merwe wat al die voorafreëlings en besprekings by Sanparke gedoen het. Tydens die terugtog sal ons by Elangeni naby Waterval-onder oorslaap om op 30 Junie tuis te wees. Ons wedervaringe sal daagliks op Sawa Kiepersol se *facebookblad* geplaas word. So as u internettoegang het en nog nie vir facebook geregistreer het nie, doen dit gerus nou. Gaan na facebook, dan na Sawa-Kiepersol en smaak ('like') die blad. So eenvoudig soos dit.

Wintersaamtrek

Neem ook kennis dat die winterkamp wat by Bakgatla sou plaasvind na *Forever Resorts* Warmbad verskuif is (14-17 Junie 2013). Die koste vir die drienaag-langnaweek is nou R840 wat die gebruik van die onderdak swembaddens asook ander fasiliteite insluit. Doen asseblief die besprekings direk by die Sawa-kantoor (011 918 0699).

Opregte Kiepersolgroete

André Baker

Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering

Kennis word hiermee gegee van die 30ste Algemene Jaarvergadering van Streek Kiepersol van die SA Woonwa-Assosiasie wat gehou sal word op Saterdag 24 Augustus 2013 om 14:00 by Klein Paradys (Brits).

Ina van den Berg
Sekretaris
20 Mei 2013

Ons kamp in lekker weer by Hartbeespoort



Kampkommandante by André: Christa en Henco Bothma, Leonie en Johan (Kokkie) Kok



300 Algemene en 270 eie saamtrekke: Gert en Anna Rall



Nuwe lede: Petro en Johan van der Ende met hulle kleinseun



175 Algemene en 130 eie saamtrekke: Seef en Susan Delport



Kokkie steek die braaivleisvuur aan



Charl Vorster gesels met Charlie King

Foto's deur Hettie Smith



Martin King hard besig terwyl Ronelle se aandag elders is



Dianne du Preez glimlag vir iets wat Mike gesê het



Pieter en Johanna van Biljon by Bets en Martiens Joubert



Hartbeespoort: Deel van die kampterrein



Kinders geniet hulle gate uit as daar nie fietse op die baan is nie



Die swembad het deur die hele naweek goeie aftrek gekry